Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, May 14, 2023
Page: 16

Oud, nog nie koud, maar met te min geld

Al meer bejaardes smag na die dood oor groot geldnood

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Ek het die week 'n interessante artikel op Netwerk24 gelees: "Lewensmoegheid onder bejaardes: Gee dit jou die reg op genadedood?"

Die vraag word gevra deur Sam Carr, 'n medeprofessor in opvoedkunde wat saamwerk met die departement sielkunde en die sentrum vir dood en die samelewing aan die Universiteit van Bath in Engeland.

Lees dit gerus. Ek bepaal my by enkele punte wat ek hieruit beklemtoon en wat ek in verband wil bring met die geldkwessie by en ná aftrede. Dié is immers eerstens 'n finansiële rubriek.

Baie mense kom in hul oudag by 'n punt waar hulle moeg en selfs nutteloos voel. Soveel so dat baie van hulle nie langer wil bly leef nie.

Dit kan ek nogal verstaan, want wat is die waarde van die lewe as dit nie geniet kan word nie? As jy nie meer 'n bydrae kan lewer nie? Jy wil tog nie net sit en asemhaal nie.

Van die sleutelkwessies wat Carr in sy artikel uitlig oor mense wat smag om hul lewens te beëindig, blyk te wees die "verterende eensaamheid, pyn as jy nie meer saakmaak nie, eksistensiële afgematheid en vrees vir afhanklikheid".

Vrees vir afhanklikheid? Hoeveel keer predik ek oor die jare nie hier oor finansiële onafhanklikheid nie?

Laat ek dit dié keer duideliker stel, as jy nie genoeg voorsiening gemaak het vir aftrede nie, gaan jy die een of ander tyd van iemand afhanklik raak. En dit, wat my aanbetref, is na aan die afgrond, waar jy, as jy lank genoeg daar speel, die een of ander tyd kan begin smag na verlossing.

Klink dalk koud, maar kyk om jou.

Dit hoef nie so te wees nie. Dit vereis egter 'n positiewe ingesteldheid wat begin lank voor aftrede. Dit moet 'n lewenswyse word. Ek sê baie keer vir mense na aan my, ek sit doelbewus soms oogklappe aan om die negatiewe te kan ignoreer ten einde te kan fokus op dit wat goed, reg en mooi is.

> Hoe vroeër jy aftree, hoe langer gaan jou geld moet hou.

Ek verkies om die woordspeling met die Engelse "retire" as vertrekpunt vir aftrede te gebruik. Jy het lank geloop op die stel ou bande, dis nou tyd om nuwe bande op te sit ("retire"). Nie om die wiele af te haal en jouself "op blokke te sit" nie.

Maar dan moet jy betyds en genoeg voorsiening maak. Om jou onafhanklikheid en selfrespek te behou.

Jy moet beplan daarvoor, dit kom nie vanself nie.

Hier is enkele gedagtes wat kan help.

Vroeë aftrede

Loop lig vir die een.

Hoe langer jy werk, hoe langer verdien jy 'n inkomste en hoe meer kan jy spaar vir die lewe ná aftrede. Hoe vroeër jy aftree, hoe korter die tyd om te spaar en hoe langer gaan jou geld moet hou.

Maak dit sin?

Die ander waarheid is dat jou aftreegeld op sy beste groei in die laaste paar jaar voor aftrede. Dit is omdat jy juis dan al kapitaal beskikbaar het wat kán groei. Die groei vind plaas op 'n groter bedrag, dis die punt.

Hoe langer jy aktief bly en jouself besig hou met positiewe dinge en nie sit en tob oor hoe swaar die lewe is nie, hoe beter.

My groot Cowboy-held, Clint Eastwood, toe hy gevra is oor hoe hy dit regkry om steeds te werk op 90-jarige ouderdom, was sy antwoord: "I don't let the old man in."

Dit gaan oor geld, sowel as in jou kop.

Geld vir kinders

Wees versigtig om uit jou aftreegeld vir kinders te leen. Hulle moet verantwoordelikheid aanvaar vir hul besluite, nie op jou leun nie.

Kinders het jeug aan hul kant. Hulle kan herstel van 'n finansiële terugslag. Jy kan nie. Dit is nie selfsugtig nie. Dit is juis om julle albei te beskerm.

Ek kan talle voorbeelde noem van pa's wat hul aftreegeld vir 'n seun gegee het om 'n eie saak op die been te bring. Gewoonlik 'n saak waarvan nie die pa of seun die vaagste benul had nie. En ses maande later is albei ewe saakloos, werkloos en geldloos.

Sorg eers vir jouself. Jy het 'n lewe lank daarvoor gewerk. Elkeen kry sy beurt. Gun jou seun syne.

By kinders intrek

Die een kan nogal emosie uitlok.

My boodskap is, moenie. As jy enigsins kan, moenie. Ek weet sommige doen dit, maar ek sien ook die probleme.

Kinders het 'n reg op 'n eie lewe, sonder die las van oumense.

Is dit reg teenoor 'n skoonseun of skoondogter? Is dit reg teenoor kleinkinders om dag ná dag te moet kyk hoe iemand daar sit en ouer word en swakker word en wag om dood te gaan?

Kinders moet speel en lag, nie heeldag saggies moet wees om oumense ter wille te wees nie. En hoe ouer, hoe erger.

My punt is dat daar heelwat is wat gedoen kan word om te help dat jy nie in so 'n situasie beland waar die lewe jou so druk dat jy smag na genadedood nie.

Goeie geldbeplanning is een. 'n Positiewe kop is die ander.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.

■ Nico is 'n gasspreker by die Everest Wealth Lewe Plus Ekspo op Sondag, 11 Junie om 14:00 by The Maslow, Time Square in Pretoria. Stuur gerus vooraf jou vrae na liezel.delange@rapport.co.za. Koop jou kaartjie by Tixsa.co.za.

Wat is 'n 'lewende testament'?

Nog raad

'n Lewende testament is 'n dokument wat jy in jou lewe opstel waarin jy vooraf bepaal wat moet gebeur wanneer jy in 'n lewensbeëindigende situasie beland en jy nie in staat is om besluite te neem nie.

Dit val in die domein van genadedood, meen ek, maar dit is nie 'n versoek om genadedood nie. Die hulpverlening met genadedood is nog onwettig in Suid-Afrika.

In jou lewende testament sal jy byvoorbeeld bloot dokters opdrag gee om nie jou lewe te probeer verleng as daar geen hoop meer op lewe is nie. Hetsy deur behandeling of die toedien van medisyne.

Die doel hiervan is dat 'n mens kies om met waardigheid te sterf.

Wat inhoud aanbetref, sal die hooffokus byvoorbeeld wees om mediese behandeling te weier en nie kunsmatig aan die lewe gehou te word nie.

Maar dit kan ook aanwysings gee oor aktiewe versorging, orgaanskenking, ensovoorts.

Daar is geen wetlike plig op dokters om gehoor te gee aan so 'n lewende testament nie, so dit sal raadsaam wees dat as jy so 'n testament opstel, jy dit vooraf met jou dokter bespreek.

En beter nog, ook vir hom of haar 'n afskrif daarvan gee.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.